



# KINDERHOWE

'n Kinderhof is 'n Landdroshof. In die toekoms, kan toegewyde Kinderhowe geskep word. Maar op die oomblik, funksioneer alle Landdroshowe ook as Kinderhowe. Wanneer die Landdroshof as 'n Kinderhof funksioneer word die Landdros die Kommissaris van Kinderwelsyn genoem. Die Kommissaris van Kinderwelsyn het 'n spesifieke plig om die beste belange van enige kind wat voor die hof verskyn te beskerm en te bevorder.

**Kinderhof = Landdroshof**  
**Kommissaris van Kinderwelsyn = Landdros**

## Om 'n saak buite die Hof te skik

Die voorgestelde Kindersorg- en Beskermingswet maak voorsiening om sake wat voor die hof moet geskied te verminder. In gevalle waar kindermishandeling nie betrokke is nie, kan die hof die mense wat betrokke is beopdrag om 'n ooreenkoms te bereik oor die probleem tussen hulself, voordat hulle na die hof gaan. Hulle kan gelei word deur een van die volgende tipe vergaderings te probeer:

- (1) **Voor-verhoor konferensie:** 'n private vergadering met die doel om 'n ooreenkoms te bereik op sommige of alle aspekte in hulle geskil (gewoonlik is dit meer effektief as dit deur 'n neutrale persoon wat opgelei is om as bemiddelaar op te tree, gefasiliteer word).
- (2) **Gewone-forum verhoor:** 'n verwysing na 'n maatskaplike werker of 'n tradisionele leier wat die familie kan help om ooreenkomste te bereik

Beide alternatiewe sal gewoonlik alle mense wat betrokke is, insluitende die kind, betrek.

'n Derde opsie wat nie huidiglik in die voorgestelde wet is nie, is familie-groep vergaderings. Hierdie soort vergadering word in baie ander lande gebruik, soos byvoorbeeld, Nieu Zeeland, Suid Afrika en die Verenigde Koningryk (VK). Familie groep vergaderings bring 'n wyer groep uitgebreide familielede bymekaar (en selfs nabye familie vriende) om maniere te bespreek om die probleem op te los. 'n Onafhanklike fasiliteerder gee aan die familie relevante informasie. Die familie sal tyd vir private besprekings hê. Dan sal hulle hul idees met die fasiliteerder bespreek om te besluit hoe hulle die pad vorentoe gaan aanpak.

## Spesiale voorsienings vir verhore in Kinderhowe

Die Kinderhof funksioneer normaalweg net soos die Landdroshof. Maar daar sal spesiale reëls en prosedures vir die Kinderhof wees:

- (1) **Kinder deelname:** Kinders sal die reg hê om deel te neem in besluite wat hulle affekteer. In die Kinderhof sal die Kommissaris die kind toelaat om 'n opinie te lug, as die kind so wens. Daar is geen ouderdomsbepanking nie. Om te besluit of die kind bevoeg is om deel te neem, sal die hof "die kind se ouderdom, volwassenheid en ontwikkelings stadium of die ontwikkeling en spesiale behoeftes wat die kind moontlik het" in ag neem.
- (2) **Assessors:** Sake in die Kinderhof kan beslis word deur 'n paneel met addisionele deskundiges wat assessors genoem word, wat die Landdros kan help indien spesiale deskundigheid nodig is. 'n Assessor kan byvoorbeeld 'n dokter of 'n sielkundige wees. 'n Assessor kan ook iemand van dieselfde taalgroep of kultuur wees, wat die kind kan help om meer gemaklik te wees en wat duidelike kommunikasie met die kind te verseker.
- (3) **Private verhoor in 'n gemaklike omgewing:** Sake in die Kinderhof is privaat. Hulle is nie oop vir die publiek nie, en net die persone wat in die sake betrokke is, word benodig. Die Kinderhof word toegelaat om verhore in plekke te hou anders as die hofsaal, soos byvoorbeeld in 'n kantoor, sodat die kinders nie geïntimideerd voel deur die groot hofsaal en die formele opset nie. Die Kommissaris moet in 'n baie eenvoudige taal aan die kind, die ouers en ander persone wat 'n belang in die saak het verduidelik wat aangaan.

**(4) Reëlins vir kwesbare getuienisse:** Die voorsiening in die voorgestelde wet sal help om die hof 'n minder ontstellende ondervinding vir kinders te maak. As 'n addisionele idee, kan Kinderhowe die ondergenoemde reëlins wat alreeds beskikbaar is gebruik vir kinders wat getuienis in kriminele sake lewer (soos byvoorbeeld slagoffers van kindermishandeling):

- Ⓞ Laat die kind toe om getuienis te lewer agter 'n eenrigting-spieël of deur middel van 'n direkte video opname van die ander vertrek.
- Ⓞ Laat 'n persoon toe om die kind te ondersteun wanneer die kind getuienis lewer, soos om die kind toe te laat om op die skoot van 'n familielid te sit
- Ⓞ Vereis dat ondervraging aan die kind deur 'n neutrale persoon gedoen word wat ondervinding het om met kinders te praat, soos byvoorbeeld 'n maatskaplike werker
- Ⓞ Gebruik stellings wat die kind alreeds gemaak het waar moontlik, vermy om herhaaldelik die kind te vra om oor traumatise ondervindinge te praat.

## VRAE OOR DIE KINDERHOF

### Familiebemiddeling

- Ⓞ Moet voor-hof vergaderings vrywillig wees, of moet die hof in staat wees om partye te beoedrag om te poog vir bemiddeling?
- Ⓞ Wie moet hierdie vergaderings fasiliteer?
  - Ⓞ Het maatskaplike werkers die tyd en die vaardighede om bemiddeling in familiegeskille te fasiliteer?
  - Ⓞ Sal tradisionele leiers spesiale opleiding nodig hê om bemiddeling rondom kindersake te bewerkstellig?
  - Ⓞ Is daar ander mense in Namibië wat as bemiddellaars kan optree?
- Ⓞ Moet die Namibiese Wet die opsie van familiegroep-vergaderings insluit wat ook die uitgebreide familie lede betrek?

### Spesiale voorsienings

- Ⓞ Watter persone is die beste gekwalifiseer om die Landdros te help om besluite rondom kindersake te maak?
  - Ⓞ Moet die Landdros besluit wanneer om deskundiges betrokke te maak of moet dit in sekere soort sake vereis word?
- Ⓞ Wat is die beste maniere om kinders te help om gemaklik te voel sodat hulle in staat kan wees om effektief deel te neem in die hofverhoor?

## WAT DINK JY?

**Stuur jou kommentaar aan:**

**SMS: 0814241591**

**E-pos: CCPA@lac.org.na**

**Faks: 088613715**

**Posadres: Posbus 604, Windhoek**



**Vir meer inligting oor die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet, kontak Monalisa Zatjirua (061-2833116) of Celeste Feris (061-2833179) by die Ministerie van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn, of Rachel Coomer by die Legal Assistance Centre (061-223356).**